# SARS BLY OOP VIR VERDERE SKAKELING MET ARBEID

**Tshwane, 12 Julie 2022 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bevestig dat PSA- en Nehawu-lede met industriële aksie voortgaan ingevolge kennisgewing wat deur die vakbonde aan SARS-bestuur oorhandig is. Die hervatting van die staking volg na 'n tydelike opskorting daarvan deur PSA in Mei, en vakbondleiers het aangedui dat hul beplan om die staking te laat voortduur totdat SARS sy loonaanbod verbeter.

Die dispuut het ontstaan oor vakbonde se afkeuring van die beskikbare R70 miljoen vir basislyn-verhogings vir bedingingseenheidwerknemers.

SARS het gekomminukeer dat dit nie oor sy eie fondse besluit nie, maar afhanklik is van 'n jaarlikse toekenning deur 'n proses wat deur Nasionale Tesourie bestuur word. Die eis deur Arbeid van VPI plus 7% is eenvoudig nie bekostigbaar totdat SARS verdere befondsing ontvang nie.

SARS bly empatiek teenoor die finansiële uitdagings veroorsaak deur stygende kos- en brandstofpryse, asook ander noodsaaklike dienste. Hierdie omstandighede affekteer die meerderheid van Suid-Afrikaners, insluitend SARS-werknemers.

SARS sal altyd die grondwetlike reg van werkers om te staak, ingevolge die streng bepalings van die reg, respekteer en terselfdertyd die nodige stappe neem om sy wetlike mandaat na te kom om diens aan belastingpligtiges en handelaars te lewer. Die "geen werk, geen betaling"-reël sal van toepassing wees op werknemers wat aan die industriële aksie deelneem.

SARS kan bevestig dat die eerste dag van die industriële aksie minimale ontwrigting aan sy dienste veroorsaak het. Hoewel sommige van sy takke moes sluit weens die afwesigheid van werknemers, het belastingpligtiges oor die algemeen steeds met die organisasie sake gedoen deur die wye reeks beskikbare aanlyndienste. SARS het meeste van die afsprake geherskeduleer voordat die staking ingetree het.

SARS het ook operasionele deurlopendheidsplanne en ander gebeurtelikheidsplanne in plek gestel om heeltyds noodsaaklike dienste aan belastingpligtiges te lewer. Ons moedig die publiek aan om van ons webtuiste gebruik te maak vir verdere nuus oor hoe om met SARS te skakel om hul verpligtinge na te kom.

Belastingpligtiges word versoek om besoeke aan SARS-takke te vermy.

SARS pleit met Arbeid om die protes vredevol te hou en om die stakingsreëls, soos bepaal deur die uitgereikte KKMA-stakingsreels, te respekteer.

SARS het deursigtigheid getoon in sy finansiële posisie en bereidwilligheid om die vakbond te betrek om 'n einde te bring aan die dooiepunt. SARS het alles in sy vermoë gedoen, en binne die beskikbare fondse, om die aanbod aan vakbonde te rig, en dit bly beskikbaar. SARS bly bereid om te volhou met skakelings met die vakbonde aangaande die aanbod, asook die wyer werknemerwaardeproposisie.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.